

8 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 7:3-8:22

Die boodskap van die klip tussen Mispa en Sen

Klipmonumente praat met 'n mens, want dit is gestolde woorde. Nou ja, só het die klipmonument wat Samuel tussen Mispa en Sen opgerig het, met die Israëliete gepraat. Dit het hulle verwytd omdat hulle die afgode gedien het (7:2,3). Dit het hulle herinner aan die belydenis van hulle sondes (7:6). Dit het hulle opgeroep om aan God alleen die eer te gee vir hulle groot oorwinning oor die Filistyne (7:10,11). En dit het hulle laat bely: Eben-Haaser – “tot nou toe het die Here ons gehelp”.

Dis opmerklik dat Samuel die klip tussen Mispa en Sen opgerig het. Van Mispa weet ons alles: dis die plek waar God wonderbaarlik gehelp het. Van Sen weet ons niks. Ons weet nie eers waar die plek geleë was nie. Waarom doen Samuel dit? Omdat hy die Israëliete wil leer om God nie net te dank vir sy hulp in groot gebeurtenisse (soos by Mispa) nie, maar ook vir sy hulp in die doodgewone, alledaagse dinge (soos hulle dit by Sen sal ondervind).

Hierdie woorde geld ook vir jou en vir my. Ons is so geneig om God te dank vir die buitengewone gebeurtenis van die opstanding van die Here Jesus uit die dood en die uitstorting van die Heilige Gees, maar oor die gewone gebeurtenisse swyg ons dikwels soos die graf. En dit is verkeerd! Sê die Heilige Gees nie duidelik in 1 Tessalonisense 5:16 dat ons in alle omstandighede dankbaar moet wees nie? Ja, of ons nou by Mispa of Sen verkeer - elke dag moet ons biddend uitroep: "Tot nou toe het die Here ons gehelp."

Sing: Psalm 68:9

Dr CJ Malan (Emeritus)